## UIT DIE PEN VAN DIE CEO (47/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 23 November 2018*

***"The reasonable man adapts himself to the world; the unreasonable one persists in trying to adapt the world to himself. Therefore, all progress depends on the unreasonable man" George Bernard Shaw***

### KARTONNE - DIE BEGIN VAN KWALITEITSVERSEKERING

Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf is gelukkig om 'n reeks van kartonvervaardigers te hê wat goeie gehalte, betroubare uitvoerkartonne vervaardig. Diegene wat in die verlede substandaard verpakking gekoop het, weet van die verbonde risiko's. Die sitrusbedryf is groot besigheid vir kartonvervaardigers – die totale inkomste vir kartonvervaardigers van die sitrusbedryf is meer as R2 miljard. Dit illustreer die rol wat die sitrusbedryf in werkskepping en ekonomiese ontwikkeling regdeur die waardeketting speel.

Dawid Groenewald van CRI berig dat die Verpakkingswerkgroep se vergadering op 15 November 2018 in Pretoria plaasgevind het – "*As in the past we used the wonderful facilities at the Sappi Technology Centre in Pretoria. Representatives from all accredited carton manufacturers attended the meeting and once again the meeting took place in a very good spirit. During the meeting Sappi once again announced that they will continue with the testing of the cartons in 2019. The accreditation system will continue as in the past and all the procedures will stay the same. Sappi will again carry all the costs. Wonderful news indeed. South Africa has packed 135 million cartons during the 2018 season. An all-time record. From a paper- and carton supply point of view it was a difficult season. Many times, carton orders were changed at short notice. Carton manufacturers often changed their production programs just to keep the export programs and pack houses going*".

Dankie aan SAPPI se voortsetting van die toetsing en aan alle geakkrediteerde kartonvervaardigers wat verseker dat Suid-Afrika se sitrus hul reis in die bes moontlike verpakking begin.

### CITRUS ACADEMY

Die Citrus Academy se oudio-visuele modules kan nou direk van die Citrus Resource Warehouse afgelaai word, onder "Direct Downloads". Gaan na https://citrusresourcewarehouse.org.za/direct-downloads vir jou kopie, of kontak angela@citrusacademy.org.za vir meer inligting.

### CGA SITRUS SUMMIT

Met meer as 150 afgevaardigdes wat reeds geregistreer het, begin die CGA Sitrus Summit momentum kry. Die Summit sal deur die politieke analis en media persoonlikheid, Freek Robinson gefasiliteer word. Die indrukwekkende lys van sprekers sluit die Brasiliaanse sitrus waardeketting deskundige, professor Marcos Neves; die Landbouskrywers SA nasionale landboukundige van die jaar, Wandile Sihlobo; die HUB van die Landboubesigheidskamer (AgBIZ), John Purchase; die afgevaardigde van die EU se Invoerders en Uitvoerders Assosiasie, Freshfel, Philippe Binard, en Retha Louw, HUB van SIZA in (om net 'n paar te noem). Volledige besonderhede en registrasie prosedures is beskikbaar op www.cga.co.za

### GEPAK EN VERSKEEP

Die verskil tussen dit wat gepak is en dit wat verskeep is, is 'n rede tot kommer. CGA, PPECB en AgriHUB kyk na hoe om die akkuraatheid van die data te verbeter. Een van die weglatings van die syfers van wat verskeep is, is dat AgriHUB nie al die volumes van Swaziland en Zimbabwe wat verskeep is, insluit nie. Om dit reg te stel, bring die Valencias en pomelo's wat verskeep en gepak is, onmiddellik in lyn. Teenstrydighede vir sagte sitrus, suurlemoen en nawels is waarskynlik weens die omskakeling na 15 kg karton-ekwivalente, en sommige vrugte wat gepak is, maar nie uitgevoer is nie. Die verskille tussen gepak en verskeep is nou minder as 2%. Die seisoen is nou verby - en dit sal die laaste "gepak en verskeep" tabel wees. Dankie aan John Edmonds, PPECB en AgriHUB vir die verskaffing van die syfers vir hierdie tabelle.

| Tot Week 46 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.8 m | 15.7 m | 18.7 m | 15.4 m | 18.7 m | 16.8 m | 18.7 m | 15.7 m |
| Sagte Situs | 12.2 m | 13.4 m | 16.1 m | 13 m | 15.9 m | 14.7 m | 16.1 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 15 m | 19 m | 19.8 m | 18.8 m | 19.3 m | 20.6 m | 19.8 m | 19 m |
| Nawels | 26.2 m | 21.1 m | 26.6 m | 21.1 m | 26.3 m | 25.7 m | 26.6 m | 21.1 m |
| Valencias | 42 m | 53.8 m | 54 m | 52.9 m | 52.2m | 53.9 m | 54 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **109.2 m** | **123 m** | **135.2 m** | **120.9 m** | **132.4 m** | **131.7 m** | **135.2 m** | **123 m** |